Bronnie

Die Bronberger

The Bronberger

fokus op die landelike leefwyse / focus on country living

September 2026 Vol.25 No.1

info@bronberger.co.za
www.bronberger.co.za
012 734 0522 / 083 959 1016

Beskikbaar via WhatsApp & e-pos

gratis/free

24ste Verjaardag-uitgawe

Birthday edition

V-TEK

CK2004/113450/23

MOTUL Castrol AUTO SERVICE

CAR & TRUCK SERVICE CENTRE

ALL MAKE AND MODEL:

• Vehicles • Trucks • Horseboxes
• Caravans • Trailers • Tractors

Services Offered

- MINOR / MAJOR SERVICES
- BRAKES & SUSPENSION
- DIAGNOSTICS
- CLUTCH REPLACEMENTS
- STARTERS / ALTERNATORS
- AUTO ELECTRICAL
- AIRCON REPAIRS & REGAS
- ENGINE OVERHAULS
- TRANSMISSION SERVICES

Schedule an appointment:
012 803 4021 071 335 6453
And let us take care of all your vehicle maintenance and repairs!

At V-Tek Service Centre, we are proud to be an independent accredited Mercedes-Benz service centre. With direct access to the official Mercedes-Benz Digital Service Booklet (DSB), we record and update your vehicle's history with dealership-level precision.

Owner and Founder: Vincenzo
"With over 30 years experience in the motor industry we are dedicated to giving excellent service at affordable prices".

www.vtekservicecentre.my.canva.site
012 803 4021
178 Boschkop Road, Mooiplaats

Right to Repair | RMI | miwa

Water Pump Group

EXPERTS IN SUSTAINABLE, RELIABLE WATER SOLUTIONS

- Irrigation Accessories (Hunter & Rainbird)
- Electrical, Borehole & Garden Accessories
- Variety Fittings
- Manufacturers of HDPE / LDPE Pipe
- PVC & Copper Pipe
- Lay Flat hose
- Pumps, Tanks & Stands
- Fire Fighting Systems
- "Off Grid" Water
- Water Filtration & Purifying Systems
- Water Quality Testing (SANS241:2015)
- Borehole Testing & Installations
- Generator & Pump Sets
- Pump Repairs and Installations

012 940 0511 | www.waterpumpgroup.co.za | admin@waterpumpgroup.co.za

Rayton Address: Plot 35, R515, Rayton | **Moreleta Park Address:** 1267 De Villebois Mareuil Drive

VISIT OUR SHOPS FOR ALL YOUR WATER SUPPLY REQUIREMENTS AND PROFESSIONAL SERVICE

INYATI DRILLING

Bevestig jou bespreking met 'n 60% deposito en ontvang 'n GRATIS geologiese opname.

- Identifiseer lewensvatbare waterbronne.
- Verminder onnodige boorrisiko.
- Beplan met professionele insig.
- Versterk jou langtermyn watersekuriteit.

Watersekuriteit begin hier. Kontak ons vandag.

012 940 0507 | sales@inyatigroup.co.za
www.inyatigroup.co.za

Bronberger

September 2026

www.bronberger.co.za

• Redaksie •
Angie Kleijn
info@bronberger.co.za • angie@bronberger.co.za
WhatsApp/Telegram: 083 959 1016
012 734 0522

Advertensie: Navrae en Bespreking

Bel ons nou vir jou wenner-advertensie in ***Die Bronberger***. Ons staan jou by met raad, daad, fotografie en die opstel en uitleg van jou advertensie teen geen ekstra koste nie. Jy kry 'n gratis proef vir goedkeuring voor plasing. 'n Advertensie in ***Die Bronberger*** bring nuwe voete na jou besigheid. Ons bereik die min ontginde koopkrag in die ooste van, en ten ooste van Pretoria met 'n publikasie wat die mense regtig wil lees. Vra gerus ons gereelde adverteerders of volg die lesersmeelewing in ons briewekolom.

Bel ons by 083 959 1016 / 012 734 0522 of stuur 'n e-pos na info@bronberger.co.za. Besoek www.bronberger.co.za.

Tania 072 089 0227
tania@bronberger.co.za

Hannes 072 992 5440
hannes@bronberger.co.za
Rayton, Cullinan, Bronkhorstspruit

Uitgegee deur: Die Bronberger
Sel: 083 959 1016 / Tel: 012 734 0522
E-pos: info@bronberger.co.za
Gedruk deur Seriti Printing Digital, Derdepoortstraat 318, Silverton

Advertensie & redaksionele navrae en -bydraes
Sel: 083 959 1016 Tel: 012 734 0522

Verspreiding / Distribution: Die Bronberger word teen die middel van elke maand versprei.
Toonbankverspreiding in: Olympus, Zwavelpoort, Shere, Tygervallei, Hazeldean, Silver Lakes, Boschkop, Tierpoort, Rietfontein, Mooikloof, Bashewa, Grootfontein, Welbekend, Bapsfontein, Klipkop, Witpoort, Kleinzonderhoudt, Mooiplaats, Donkerhoek, Kleinfontein, Vaalbank, Valtaki, Cullinan, Rayton, Bronkhorstspruit, Kaalfontein, Faerie Glen, Moreletapark, Waterkloofrif, Wapadrand, Lynnwoodrif, Willows, Equestria en Garsfontein.

Kopiereg
Kopiereg word op alle redaksionele materiaal in dié uitgawe gehou. Terwyl alle voorsorg deur die uitgewer en redakteur geneem word, kan ons nie verantwoordelik gehou word vir enige foute of uitlatings nie.

Bladuitleg
Jeanette
083 258 2665
jeanette@bronberger.co.za

Vintage Graphic Designs

Ek was 'gemesmeraais'

Esmé Meyer van Murrayfield:
Ek onthou nie meer watter uitgawe my eerste ontdekking van die Bronnie was nie. Ek onthou net hoe 'n Toeka daarin my tussen die oë geslaan het; al hoe meer hoe verder ek bly lees het; die besef van al Angie se presiese navorsing en hoe dit my ingetrek het.
Dit was oor die ses Boerevegters tydens die ABO, wat 'n perfekte ontsnapping reggekry het nadat hulle gevange geneem was, sowel as hulle latere verdere avonture en lewens. Dit was dalk my eerste Bronnie. Maar, ek het geen idee meer wanneer dit was nie!
Dit het my wel totaal en al 'gemesmeraais', as ek nou Eugene Marais / Chris Barnard se woord kan gebruik. Ek was so beïndruk met alles daarvan, en hoe dit geskryf en uiteengesit was! Ek besef ek het intussen doodgewoon bederf geraak met die tipiese deeglike navorsing en lewendige skryfwyse wat ook die mense weer lewendig voor jou oë laat staan.
En, dikwels met Angie se Toeka is 'n mens letterlik saam op 'n skattejag van feite, wat 'n raaisel uit die verlede oplos – en, dit is mos maar hoe Angie doen en skryf? Absoluut bederf geraak, ja!
Die ontdekking van daardie artikel en Angie se besondersheid was egter net daar 'n onmiddellike eerste tree van my persoonlike verslawing aan die Bronnie.

Hartlik geluk, Bronnie

Paul en Lindy Smith van Perth, Australië
Baie geluk aan ***Die Bronberger*** – of sommer "Bronnie", soos ons hom almal ken – met sy 24ste bestaansjaar!
Ek onthou nog goed hoe ek die heel eerste uitgawe van voor tot agter gelees het, en toe sommer weer van voor af. Ons het destyds in Tierpoort gewoon, en ons Bronbergers het lankal 'n eie gemeenskapsblad nodig gehad – 'n plek waar ons mense, stories en liefde vir ons kontrei bymekaar kon kom.
Angie, baie dankie aan jou, wyle Gerhard en die hele span vir 24 jaar se harde werk, toewyding en liefde vir ons kontrei. Saam het julle 'n fantastiese blad begin en opgebou wat mense verbind, plaaslike stories bewaar en die hart van ons gemeenskap weerspieël.
Gerhard se nalatenskap leef voort in ***Die Bronberger*** én in die gemeenskap wat julle met soveel sorg gedien het.
Hartlik geluk met hierdie besondere mylpaal!

Paul en Lindy Smith

Doet so voort

Gerhard van Zyl van Moreletapark:
Sowaar! Die Bronnie is 24 jaar oud! Wanneer, waar en hoe ek die Bronnie toevallig raakgeloop (raakgelees) het, is nou saam met sommige ander herinneringe in die vergetelheid. Helaas, die lot van 'n bejaarde. Dat ek dit van hoek tot kant gelees en geniet het, staan vas.
Sekere bydraes en ander leesgoed het ondertussen gekom en gegaan en bekendes, soos Gerhard en Vreethans en ander lesersvriende, het ons voortydig ontval. Ons kyk egter vorentoe en in hierdie opsig sien ek steeds uit na nog Bronnies en wat van 'n opvolg van 'Toeka se Dae – Die Karakters' (2015)? Komaan, Angie Kleijn.
Ook sterkte met die voorbereiding en afronding van die September-feesuitgawe. Ten slotte, doet so voort!

Deel van lief en leed oor 24 jaar

Ronéll en Coenie Henry van Onbekend:
Hiermee wil ons net ons beste wense stuur met ***Die Bronberger*** se 24ste verjaardag. Baie geluk aan Angie en die redaksie van die Bronnie, met elke liewe puik uitgawe oor die afgelope vier-en-twintig jaar.
Ons geniet dit nou ook al jare, van die begin van die uitstekende tydskrif, om die Bronnie te lees. Elke artikel, advertensie, brief en foto word opgeslurp en terdeë geniet met die lees daarvan, van voor tot agter deur.
Soos die lewe verloop het, het ons gelees van die goeie tot slegte nuus van die omgewing se mense. Deur die lens van ons lesers was en is ook een van die hoogtepunte van die Bronnie. Ons geniet ons mense se gereelde bydrae en, glo my, daar is 'n paar wat nie meer met ons is nie, wat beslis gemis word.
Wat 'n voorreg om ook 'n bydrae tot vele uitgawes met die lesers te kan deel. Ons bydraes het gewissel van ons plaaskatte en -honde; 'n uil of twee in 'n boom; paradysvlieëvangers se stories; rondloperhonde; sonsopkoms en sonsondergange; blomme; plante; bome; en wilde diere in Dinokeng. Ag sommer van alles tot niks. Vergange se stoomtrein vasgevang in 'n foto of twee op die spoorlyn tussen Pretoria en Cullinan.
Dankie weereens vir 'n pragtydskrif en dat ons, ons lief en leed met die Bronnielesers kan deel. Geluk met die afgelope 24 jaar en beste wense vir die volgende 24 jaar plus!

Nog twee dosyn jaar lank

Hennie Heymans van Pretoria:
My eerste kennismaking met ***Die Bronberger*** was deur my vriend, wyle Mervyn Emms, die historikus, wat met groot trots sy artikels aan my gewys het nadat dit in julle tydskrif verskyn het. Op sy aanbeveling het ek toe elektronies op ***Die Bronberger*** ingeteken.
Julle stories is uitmuntend, en ek het met u vergunning al 'n paar in die 'Nongqai' herpubliseer. Die foto's wat julle plaas is van 'n besonder hoë standaard. Ek herpubliseer graag sommige van julle artikels omdat ek nie wil hê dat hierdie kosbare inligting verlore moet gaan nie. ***Die Bronberger*** vervul 'n belangrike rol in die bewaring van ons nasionale erfenis en kultuurskatte.
Ek het veral gehou van die diereverhale, soos die ietermagog-storie, asook die Zonderwater-artikels, die stuk oor Annie Botha en vele ander outobiografiese vertellings.
Mag julle nog minstens twee dosyn jaar lank die Bronnie uitgee.

Na bladsy 6

Ons voorblad

Dit is lente en Frik Bezuidenhoudt het dié heuningby se bedrywighede by sy laventelplante op die Swaeltjie-landbouhoewes dopgehou.

Om jou Bronnie maandeliks elektronies te kry, stuur die versoek met jou naam en van en die omgewing waar jy woon na info@bronberger.co.za. Stuur 'n dergelike versoek per WhatsApp na 083-959-1016 om die elektroniese uitgawe op WhatsApp te ontvang. Dit is gratis.

"Vic-Haven"
Aktiewe Aftree-oord
By Vic-Haven onafhanklike aktiewe aftree-oord, in 'n rustige stil plaasomgewing, ongeveer 30 km Oos van Pretoria (naby Bronkhorstspruit), beskik ons oor die volgende fasiliteite:
• Een- en Tweeslaapkamer ongemeubileerde selfsorg duette vanaf R7 400,00 per maand, elektrisiteit uitgesluit.
• Enkel- en dubbelkamer, ten volle gedienste akkommodasie (3 etes per dag, wasgoed en skoonmaakdienste), vanaf R8 200,00/persoon/maand.
Navrae: admin@vichaven.co.za | 079 242 6525

Hoor sonder inspanning!
• Gehoortoetse
• Gehoorapparate
• Batterye & toebehore
• Diens & herstel van gehoorapparate
Gehoordienste plaaslik beskikbaar
• Maandag tot Vrydag •
Tuisbesoeke vir u gerief! 082 335 5706
Karien Vermaak Pr. No: 0255238
Naudéstraat 82, Rayton / karienvermaak@vodamail.co.za

W&M Handyman SERVICES
012 002 3933 Office
076 058 8335 Werner
wernerschutte0203@gmail.com
www.mwhandyman.co.za
Paintwork | Security Gates | Gutters
Carports | Palisade & Clearview Fencing
General Maintenance | Gate Automation
Manufacturing and hanging of doors
Carpentry | Kitchen & Bedroom Cupboards
Water Storage | Water back-up Systems

Briewe / Letters

Vanaf bladsy 5

Verdwaal lekker tussen die blaaie

Gertie Stofberg van Kleinfontein:
Baie dankie vir my elektroniese Bronnie. Toe ek hom sien in my e-pos, maak ek oop en begin 'blaai'. Ek verdwaal toe so lekker tussen die blaaie dat ek verby my 08:00 'kits-vergadering' lees.
Nou sit ek met 'n heerlike warm koppie koffie op hierdie yskoue Dinsdag-oggend en berei myself voor vir die nuwe week. Groot koue wat wag, so ná die langnaweek, maar die Bronnie se nuus is warm.
Nogmaals dankie vir die Bronnie, ons geniet dit ELKE KEER! Mooi loop en ons praat weer.

Totsiens, Bronnie-lesers

Frans Esterhuyse

Frans Esterhuyse van Pretoria:
Beste Bronnie-lesers. Ná baie aangename jare wat ek julle leer ken het, het dit vir my tyd geword om af te tree by die see.
'n Groot dankie vir 'n lang en lekker samewerking met die redaksie, wat ek al donkiejare ken. Mag ***Die Bronberger*** van krag tot krag gaan. Ek wens ons het iets soortgelyks in KZN gehad.
Groetnis, Bronnie van den Berg.
Die Bronnie van den Berg strokiesprent het die afgelope 10 jaar by 'Ou Poon se plotpraatjies' verskyn. Dit is geteken deur die bekroonde spotprentkunstenaar, Frans Esterhuyse, wat oor 'n lang loopbaan spotprente vir bykans elke Afrikaanse koerant gelewer het. Hy is onder meer deur die FAK met die HB Thom- en MJ Thom-prys vir sy werk vereer. – Red

Broeiparasiete baklei

Albert Bester van Rayton:
Gister was daar 'n groot lawaai soos kleinheuningwysers rondom die rooikophoutkapper se nesstomp tekere gegaan het.
Klaarblyklik het twee pare kleinheuningwysers as broeiparasiete meegeding om hulle eiers daar te lê. In 'n stadium het ons gesien hoe een heuningwyser 'n ander een fisies uit die nes uittrek.
Die rooikophoutkapper het teruggekeer ná die kleinheuningwysers weg is.
'n Broeiparasiet is 'n voël wat haar eiers in 'n gasheer se nes lê, sodat die gasheer dit uitbroei en ook die kuikens versorg. – Red

Een van die kleinheuningwysers by die rooikophoutkapper se nesstomp

Ná elke bewolkte dag . . .

Ursula Joubert van Witfontein:
Maandagmiddag, Vroue-dag, vakansiedag: Ná die bewolkte dag kry ons weer die mooi uit die natuur. Weereens God se skepping om te toon dat ná elke bewolkte dag in jou lewe is daar wel sonskyn.



Sonskyn keer altyd weer terug

Nog 'n heerlike uitgawe

Schalk Claasen van Pretoria:
Die Bronberger se Augustus-uitgawe: Baie dankie vir nog 'n heerlike uitgawe. Ek het die artikel oor Ierse Annie uiters leersaam en interessant gevind.
Doen so voort!

Gemeenskap staan borgtog teë

Plaaslike gemeenskapsgroepe en boere-organisasies het op 21 Augustus by die Cullinanse Landdroshof opgedaag om Hannes Brits te ondersteun en borgtog vir die drie mans, wat van roof met verswarende omstandighede aangekla word, teen te staan. Hulle word ook van ontvoering (omdat Hannes van sy bewegingsvryheid ontneem is) aangekla.
Die 43-jarige Hannes is kort voor middernag op 8 Augustus op Rietfontein in die Donkerhoek-omgewing aangeval, met 'n mes gesteek, vasgebind en vir meer as drie ure lank gemartel. Sy huis is geplunder en verskeie huishoudelike items, asook elektronika en sy bakkie, is gesteel.
Echo-1, 'n private sekuriteitsmaatskappy, het daardie Vrydagaand inligting ontvang dat 'n groep misdadigers iets in die Cullinan / Bronkhorstspruit-gebied beplan. 'n Voertuig, wat die Vrydagaand dopgehou is omdat daar vermoed is dat dit deur die misdadigers gebruik word, het glo die vermeende aanvallers iewers afgelaai.
Die voertuig het in die vroeë oggendure teruggekeer om die verdagtes op te laai en is in die Welbekend-gebied aangekeer. Drie verdagtes is kort na 3 vm die Saterdagoggend in hegtenis geneem met items wat klaarblyklik gesteel is. Die vierde verdagte het met Hannes se gesteelde bakkie weggejaag.
Amos Respect Mashaba (52), Rofino Jorge Novela (35) en Siyabulela Khulu (35) is na die Cullinan-polisiestasie geneem. Die vraag was waar die items gesteel is. Onder die items was daar 'n selfoon en toe die noodkontaknommer gebel is, het Hannes se broer Divan geantwoord.
Hy kon verduidelik hoe om by Hannes se huis uit te kom en lede van die sekuriteitsmaatskappy het die plek begin soek. Hulle het ongeveer 6 vm daar aangekom. Hannes was op 'n bebloede bed vasgebind. Die polisie en mediese hulp is ontbied en noodhulp is toegepas voor Hannes hospitaal toe geneem is.

Protes teen borgtog
Foto: Verskaf

Die tou het diep in Hannes se liggaam ingesny, hy het 'n wond naby sy sleutelbeen en op sy arm gehad en moes chirurgie ondergaan omdat sy gesig op verskeie plekke gebreek en gekraak is. Weke ná die aanval het sy vingers steeds krom gebly weens senuweeskade.
Hannes se broer Divan het gesê dat Hannes "vir dood agtergelaat is". Hy sê die familie is bly dat Hannes lewe, maar dat hy deur 'n marteling – geestelik en fisies – is wat erger is as wat enige mens ooit aan 'n ander moet doen.
Die staatsaanklaer het borgtog vir die drie mans teëgestaan weens die erns van die aanklagtes. 'n Petisie, met 1 040 handtekeninge, teen borgtog is ingedien. Die mans se eerste hofverskyning was op 11 Augustus. Die borgtogaansoek is vir 21 Augustus geskeduleer, is uitgestel na 28 Augustus, weer na 2 September, na 11 September en toe na 18 September.

Michael plant 'n saadjie van hoop

Michael Joubert
Foto's: Verskaf

Daar is mense wie se lewens deur een oomblik verander word. Vir Michael Joubert, stigter en hoof uitvoerende beampte van Seed of Life Collective, was dit 'n stil oomblik op die strand van Plettenbergbaai ná 26 jaar van verslawing en haweloosheid.
Drie uur daardie oggend het hy 'n belofte gemaak: as God hom sou bevry, sou hy sy lewe gebruik om ander uit dieselfde put te help.
Daardie belofte is vandag 'n werklikheid met 'n adres: Seed of Life Huis Cullinan.
Seed of Life Collective is met een doel gestig: om vir mense wat deur verslawing, haweloosheid en gebrokenheid gaan, 'n plek te bied waar hulle waardigheid, struktuur en geestelike herstel kan vind.
"Ons inwoners kom uit alle lewenswandele. Mense in die greep van dwelm- en alkoholverslawing.

Huis Cullinan

Mense wat trauma dra wat te swaar is om alleen te dra. Mense wat finansiële nood beleef so erg dat hulle nêrens meer kon draai nie," sê Michael.
Huis Cullinan is nie 'n kliniese instelling nie; dit is 'n huis, gebou deur iemand wat self elke treë van die pad geloop het en presies weet hoe dit voel om as verlore gesien te word. Ook hoeveel dit beteken wanneer iemand jou steeds as waardevol beskou.
Die huis is op 'n 8,5 hektaar eiendom geleë en was in 'n toestand toe Michael daar aangekom het. Elke vensterhandvatsel is uitgeruk. Elke kraan, wasbak en stortkop was weg. Loodgieterswerk is uit die mure geskeur. Elektriese bedrading is uitgetrek. Ligte, skakelaars, muurproppe is alles gesteel. Die koperdraad is weg en die transformator gesteel. Die boorgatpype is van die grond af tot by die geboue uitgehaal. Die watertenks was stukkend, die heinings afgebreek en elke slot en deur is oopgebreek. In elke gebou was daar kniediep hope vuilgoed.
Vandag word 18 inwoners daar gehuisves wat deur die program van rehabilitasie, geestelike begeleiding en herstel van waardigheid gaan. Elke inwoner kry 'n bed, gereelde maaltye, geestelike leiding en, wat vir baie van hulle die eerste keer in jare is, iemand wat in hulle glo.

Kniediep hope vuilgoed moes aanvanklik opgeruim word

Die dag begin met gebed, gevolg deur werksverantwoordelikhede: van die versorging van diere tot tuinmaak en algemene onderhoud. Inwoners neem ook aan gemeenskapsdiens deel, soos die werk wat onlangs by Vollies Kerk gedoen is, en dra tot kleinskaalse inkomste-genererende projekte by. Dit vorm deel van 'n filosofie waar herstel nie net oor onttrekking gaan nie, maar oor die herbou van 'n lewe met 'n doel.
Die aanvraag om plek by Huis Cullinan oorskry reeds wat die fasiliteite kan huisves. 'n Fondsinsamelingsveldtog, Projek Mosterdsaad, is geloods om die nodige kapitaal in te samel om die projek uit te brei, sodat meer mense van die strate af gebring kan word na 'n plek van veiligheid, struktuur en hoop. "Ons wil graag 'n plaas van ons eie aanskaf," sê Michael.
Lesers wat 'n bydrae wil lewer, kan die veldtog besoek by: www.backabuddy.co.za/campaign/project-mustard-seed-cullinan. Nog 'n dringende uitdaging is dat Suzi, die huis se enigste voertuig, se enjin vervang moet word. Suzi is die skakel tussen inwoners en mediese afsprake, werksgeleenthede, kerkdienste en noodsaaklike voorraadaankope. Jy kan 'n bydrae lewer by: www.backabuddy.co.za/campaign/help-ons-om-suzi-weer-op-die-pad-te-kry.
Om betrokke te raak, kontak Michael by 063-905-4665 of michael@seedoflifenpc.co.za.
Besoek www.seedoflifenpc.co.za of facebook.com/SeedOfLifeCullinan.

Boshoeddag bring eerbetoon

Betsie Steyn

'n Groep weermag militêre veterane het op 29 Augustus hulle jaarlikse Boshoeddag in die gedenktuin by die Volksmuseum op Kleinfontein gevier as eerbetoon vir die grensvegters wat in die Bosoorlog gesneuwel het.
Die sameroeper, Frik Oberholster, het die verwelkoming en bedankings gedoen, waarna ds Carel Vermaak van die AP Kerk Rayton 'n diens gelewer het. Daar was 'n minuut stilte met die boshoed wat in eerbetoon teen die bors vasgehou is.
André Botha was die spreker van die dag. Hy het vertel dat die konflik 23 jaar lank geduur het en vir tussen 2 000 en 2 500 sterftes onder ons mense gesorg het. Terwyl Craig Herwell, in volle Skotse mondering en doedelsak, 'n solo gelewer het, is die vlag halfmas laat sak en is later weer gehys.
Isabel Oberholster het 'n voorlesing oor die soms humoristiese doel en diens van die boshoed gedoen. 'n Kranslegging is gehou en daarna is 'n Outeniekwa-geelhoutboom geplant.
Die Donkerhoek-vereniging, vernoem na die Slag van Donkerhoek, is onlangs gestig om weermagveterane van Kleinfontein, Rayton, Cullinan en Bronkhorstspruit te betrek. Die sameroeper is Thinus Coetzee: 082-280-4289.

Frik en Isabel Oberholster, André Botha, Louisa Jooste van Kleinfontein se kultuurkomitee en Volksmuseum, Craig Herwell, Gerhard Harmse, Charel Bezuidenhout en Theo Kruger
Foto: Betsie Steyn

Rv Fuels
Leweransiers van diesel & petrol
Beste kwaliteit • Beste diens
Beste prys • On-site delivery
076 583 8456

Willemien vier 104 jaar

Betsie Steyn

Anton en Patrys Aucamp, agter, saam met tannie Willemien. Voor sit bure Johnny en Maria de Carvalho
Foto: Beatrix Jordaan

Tannie Willemien Wieringa van Kleinfontein het op 16 Augustus haar 104de verjaardag saam met bure en vriende gevier.
Haar vreugde was groot toe haar kinders en kleinkinders uit Amerika vir haar 'n video gestuur het en haar skoonseun uit Duitsland gebel het. Die kuiermense het heeldag gekom en gegaan.
Soos almal sê: "Dit is 'n groot voorreg om so 'n reuse mylpaal saam met dié besondere vrou te vier."

that little bit extra ringpharm + Rayton apteek • pharmacy • likhemisi
Raymed Sentrum Treurnichstr, Rayton
Tel: 012 734 4800 Sel: 067 408 9169
E-pos: info@raytonpharmacy.co.za
scripts@raytonpharmacy.co.za

that little bit extra ringpharm + Cullinan apteek • pharmacy • likhemisi
Oaklaan 112, Cullinan
Tel: 012 734 0557 Sel: 076 071 9985
E-pos: cullinanpharmacy@gmail.com

WEEKSDAE: 08:00 - 18:00 | SATERDAE: 08:00 - 13:00 | SONDAE & VAKANSIEDAE: 10:00 - 12:00

Kliniek Dienste
Gratis aflewering in Kleinfontein en Rayton area
Beste pryse
Blister pakkie diens

Lente is hier!
Oulike geskenke beskikbaar
Ons lewer af in Kleinfontein en Rayton Dorp Area
Gesondheid met sorg, altyd 'n stappie meer.

HANNON HAIR CARE | MAKEUP | SKIN CARE
essence cosmetics
THE COURIER GUY

BEKOSTIGBARE GESONDHEIDSORG VIR ALMAL | AFFORDABLE HEALTH CARE FOR ALL

GAS2U
14 Magic Avenue Bapsfontein (near BP Garage)
TEL: 011 822 8503 / 011 964 1323 • FAX: 086 630 2616
sales@gas2u.co.za • www.gas2u.co.za
LPG for sale
Walk-in price unbeatable!
2kg LPG 5kg LPG 9kg LPG 19kg LPG 48kg LPG
LPGSA
AIR PRODUCTS
Industrial Gas for sale
Rental Agreement
September Deals
Cadac 4-burner glass gas hob
Now R2 399
KWIKOT Fan Forced Geyser
20L Was R12 999
Now R10 999
26L Was R14 499
Now R11 999
Cadac Low Pressure 16L Gas Water Geyser (Silver)
Was R5 299
Now R4 199
Ferre 4-burner gas hob Stainless Steel
Now R2 299
(While stocks last)
Ferre built-in electric oven 3-function
Was R3 899
Now R2 899
(While stocks last)
Ferre 50x60 Gas/Electric Stove
Was R5 999
Now R4 999
Ferre Stainless Steel Automatic Gas stove with oven (4 Burners)
Was R4 999
Now R3 999
Ferre matt black electric built-in oven 600mm
Now R2 899
(While stocks last)
Ferre 90x60 Premium Free-standing GE Cooker (White)
Was R10 999
Now R9 999
Every day is pensioners day – less 5% (gas only)
Prices valid until end of September 2026
T's & C's apply. All prices include VAT

RainMaker
AGRI
Powered by RealNet

TAKE YOUR AGRI CAREER FURTHER

Full Status Property Practitioners
wanted in ***Pretoria East.***

- Competitive commission structure
- Specialist Agri market
- Established brand backed with dedicated support

If farms, plots & agricultural properties are your passion,
let's talk.

Gauteng, Limpopo, Mpumalanga, North West or Wherever!

Joop : 083 442 5037 Bees : 082 401 2773 Pieter : 082 321 2313 Charmaine : 082 567 8844

RealNet RainMaker (Pty) Ltd, trading as RealNet RainMaker AGRI. Farms & Smallholdings, a Franchisee of RealNet Holdings (Pty) Ltd. Registered with the PPRA

Het jy gehoor? / Have you heard?

Vier ons erfenis, die smaak van ons kultuur, met die Erfenisdag Potjiekoskompetisie op 24 September by Premiermyn Hervormde Gemeente op die aansluiting van Zonderwaterweg met die R515-pad, Cullinan. Beoordeling vind om 1 nm plaas. Daar is groot pryse te wen. Vir meer inligting oor deelname, bel Elizma: 079-517-5739.

• • •

Wet Nose Animal Rescue Centre has a Paws and Paint Colour Run on 26 September from 9:30 am to 2:30 pm. The entry fee is R200 and it includes a shirt, boerie roll and four free bags of paint. For more information phone them at 068-328-3121 or send an e-mail to events@wetnose.co.za.

• • •

FijnWyn Innie Lente word op 26 en 27 September van 10 vm tot 5 nm by Shokran, plot 99, Luiperdstraat, Tierpoort gehou. Meer as 35 wynplase gaan deelneem. Daar is watertand eetgoed by verskeie koskraampies beskikbaar en musiekkunstenaars gaan optree. Kaartjies kos R250, sluit 'n glas en proe-sessies in, en is by iTickets beskikbaar. Skakel 082-335-5659, stuur 'n e-pos: info@shokran.co.za of besoek www.fijnwyn.co.za.

• • •

Die Cullinan Oktoberfest word van 10 vm tot 5 nm op 3 Oktober by Maker's Village, Oaklaan 103, Cullinan gehou. Daar gaan Oempa-musiek wees, tipiese Duitse kos soos Eisbein en bier van verskeie brouerye. Kaartjies kos R150 en is by quicket.co.za beskikbaar. Kinders onder 18 gaan gratis in. Jou kaartjie sluit 'n bierbeker, proe-sessies en toegang in. Besoekers is welkom om hulle goed-gesosialiseerde honde saam te neem.

• • •

Gauteng's second annual Golden Retriever gathering, a fundraiser for Golden Retriever Rescue SA, is held from 10 am to 1 pm on 10 October at Moreleta-kerk, 1353 De Villebois Mareuil Drive, Moreleta Park. This is an event for your Goldens to socialise, wet their paws in the splash pool or show off their skills on the dog agility course. Pet vendors will be ranging from accessories, treats and advice from behavioural experts. There will be games with prizes to be won, including best dressed Golden. Entry for one dog and one adult is R130 and tickets are available at quicket.co.za.

• • •

'As die skoen pas . . . 'n Aspoestertjie sprokie' word op 2, 3 en 4 Oktober om verskillende tye by AfriForum-teater in die Greenlyn Village-sentrum op die hoek van Thomas Edison- en 13de Straat, Menlopark aangebied. Dié is die immergroen sprokie van Aspoestertjie en 'n glasskoen. Arabella droom van 'n lank-en-gelukkig-saam, maar die prins ken nie haar naam nie en die goeie fee het 'n nuwe assistent wat 'n obsessie met papierwerk het. Kaartjies kos R190 en is by afriforumteater.co.za beskikbaar.

• • •

Jak de Priester tree op 11 Oktober om 3 nm by die Fairtree Atterbury-teater in Daventrystraat 4, Lynnwood Manor op. In 2001 skryf Jak sy eerste groot treffer, 'Sally Williams Nougat'. 'n Jaar later wen hy ATKV-Crescendo en stel sy debuut-album bekend. Nou, 25 jaar later, vier hy die mylpaal met 'n konsert vol geliefde liedjies en die bekendstelling van sy boek, 'Jak de Priester – Van Sally tot Somerset-Wes'. Kaartjies kos R240 en is by seatme.co.za beskikbaar.

• • •

Hazeldean Brewing Co's Oktoberfest Beer Mile returns on 3 October from 1 pm to 3 pm. Four beers, one mile and plenty of Oktoberfest spirit. Drink a beer, run 400 metres, and repeat four times. Pull on your lederhosen or dirndl and join the celebration. Strictly no under 18's. Early bird tickets cost R250 and are available at hazeldeanbrewing.co.za. General admission on the day at Ridge Road, Tyger Valley costs R310.

• • •

Die Ben Eloff-uitstalvenster word op 26 September van 5.30 nm tot 9 nm by Wilge-teater, Frankweg 8, Die Wilgers gehou. Dié aand vier die talent, toewyding en musikale prestasies van studente by die Ben Eloff-ateljee en bied 'n diverse program van optredes met 'n verskeidenheid musikale style. Kaartjies kos R150 en is by quicket.co.za beskikbaar.

Bye ruik dat 'n ander by jou bygekom het

Baie tuiniers glo vas dat as een by jou gesteek het, ander bye in die omgewing dit kan ruik en dadelik naderkom om jou ook "aan te val". Hoeveel waarheid steek daar in dié oortuiging?
Die kenners sê dat waarskuwingsferomone vrygestel word met die inspuiting van gif in die slagoffer en dat dit nabygeleë bye aanhits om ook aan te val. Dié proses word versnel as die by noodlottig beseer is.
Volgens 'Chemical Communication in the Honey Bee Society' ruik die waarskuwingsferomoon soos piesangs; dit ontbind nie en was nie vinnig af nie. Selfs al sou jy in water inspring, sal bye hulle aanval hervat so gou as wat jy die water weer verlaat.

Versteur

Volgens 'Bee Keeper Corner' is die oorsaak van die oorgrote meerderheid bysteke wanneer 'n byekorf per ongeluk versteur word. 'n Bytjie wat ver van die korf af na stuifmeel of nektar op soek is sal selde steek, behalwe wanneer sy bedreig voel. En ja, sê Jessica Tucker van 'A–Z Animals': die bye wat aanval is almal wyfies. Dit is net wanneer bye soogdiere, wat dikker velle het, steek dat die angel in die dier se vel agterbly en die by vrek. Wanneer hulle ander bye steek, verloor hulle nie hulle angels nie en kan verskeie kere aanval.
Bye steek mekaar wanneer hulle kolonie bedreig word. As 'n by van 'n ander kolonie in die byekorf inkom, sal dié indringer doodgesteek word. As 'n hele swerm 'n ander een aanval, kan die 'oorlog' so erg raak dat bye sukkel om vriend van vyand te onderskei en kan hulle eie makkers dan doodsteek.
Volgens 'Bee Keeper Corner' is 'n swerm bye wat vlieg oor die algemeen nie vyandig nie omdat hulle die korf verlaat het en geen kleintjies of heuningkoek het om te verdedig nie. Tog is dit raadsaam om van die swerm af weg te bly.

Die bekleedsel en angel skeur uit die by se lyf Bron: Wikipedia

Die angel bly in die vel agter
Bron: Wikipedia

Dansie

Bye gebruik nie net feromone om met mekaar te kommunikeer nie, maar ook lyftaal en 'n spesifieke soort dansie wat hulle uitvoer as hulle bedreig voel. Dié dansie maak dit aan ander werkerbye duidelik dat daar 'n indringer is, so hulle is ekstra waaksaam en gereed om hulle kolonie te verdedig.
Die beskikbaarheid van kos is 'n belangrike omgewingsfaktor wat bye se optrede beïnvloed. Wanneer nektar-ryke blomme skaars is, kan bye hulle gebied meer aggressief beskerm, wat na meer bysteke kan lei.
Weersomstandighede is ook 'n faktor wat bye se optrede beïnvloed. Wanneer die temperatuur en voggehalte hoër is, raak bye meer aggressief en verdedigend omdat hulle probeer om hulle liggaamstemperatuur te beheer en hulleself teen potensiële bedreigings te beskerm.

Bloedgroep

Een van die legendes rondom bysteke is dat bye tot sekere bloedgroepe aangetrokke is. Volgens Anderson James het dié mite waarskynlik sy oorsprong by 'n 1964 studie wat in die 'New England Journal of Medicine' gepubliseer is. Die studie het genoem dat mense met tipe O-bloedgroep baie meer gereeld deur bye gesteek word as enige ander bloedgroep.
Die bevindings is later grootliks in twyfel getrek en die voorbeelde wat gebruik is, word deesdae nie as statisties belangrik beskou nie.
Anderson sê dat daar geen wetenskaplike bewyse is dat bye sekere bloedgroepe sal teiken nie. Navorsing wys eerder dat bye reageer op koolstofdioksied, aminosure, ammonia, melksuur en ander vlugtige verbindings wat mense produseer wanneer fisiese aktiwiteite hulle laat sweet.

Sweet

'Doctor Guide Online' stem saam en sê dat sweet van mens tot mens verskil, afhangende van genetiese faktore, dieet, emosionele toestand (streshormone), velafskeidings, gesondheid en hidrasievlakke. Die bakterieë op die vel produseer unieke geure en verskillende bakteriese kolonies veroorsaak verskillende geurprofiele wat die menslike reuk vir bye meer aantreklik of bedreigend maak.
Sekere helder kleure kan bye ook lok omdat dit soos blomme lyk en higiëne produkte en parfuum kan ook 'n rol speel. Skielike bewegings kan aggressiewe gedrag uitlok, ongeag van jou biologiese kenmerke.

'n By se angel, wat van haar lyf afgeskeur is, vas aan 'n beskermende bekleedsel Bron: Wikipedia

'n By nader 'n laventelplant op die Swaeltjie-landbouhoewes
Foto: Frik Bezuidenhoudt

‘n Terugblik op 24 jaar se karakters uit ‘Toeka se Dae’

Oor die afgelope 24 jaar het ‘Toeka se Dae’ Bronnie-lesers aan karakters bekendgestel wat ‘n draai in Pretoria gemaak het toe dié dorp nog in sy kinderskoene gestaan het. As deel van ons gedenkuitgawe, onthou ons weer ‘n paar van dié merkwaardige mense.

Bekendste boemelaar

In Augustus 2007 vertel ons die verhaal van Paul August Moes, Pretoria se bekendste boemelaar rondom die draai van die 19de eeu. Ou Moes se voorliefde vir drank en mooi meisies het hom op ‘n jong ouderdom reeds die afdraande pad laat loop. Hy is in die Wes-Indiese eilande gebore as die erfgenaam van ‘n sigaarfabriek, wat hy amper weggedrink het. Sy familie het hom na Pretoria gestuur.

Ou Moes

Frank se sirkus

Die eerste sirkus wat Pretoria in die laat 1800’s besoek het was Fillis se Sirkus, bedryf deur Frank Fillis en sy vrou, bekend as Madame Eliza of Lazel, en hulle drie kinders, Frank, Adele en Cecil. In November 2007 vertel ons dat die sirkus se olifant aan tetanus beswyk het en die Fillis-gesin sy oorskot aan die Staatsmuseum geskenk het sodat sy vel en geraamte bewaar kon word. Krantz en Swierstra het die olifant geslag en opgestop.

Frank Fillis

Merkwaardige Mabel

In Augustus 2010 vertel ons die verhaal van Pretoria se burgemeester van 1931–32, Mabel Catherine Malherbe, afstammeling van die legendariese George Rex, die stigter van Knysna wat volgens skindertonge Koning George III se buite-egtelike seun was. Mabel was ‘n 20-jarige Rooikruis-verpleegster toe die Anglo-Boereoorlog uitgebreek het. Dis nie aldag dat ‘n verpleegster burgemeester word, die land se eerste vrouetydskrif begin en tot die parlement verkies word nie.

Mabel Malherbe

Willem Wragtag

Die destydse raakvatboer, Willem (Wragtag) Prinsloo, moes vroeër twee plase afstaan nadat prospekteerders minerale daarop gekry het. In Augustus 2008 vertel ons dat hy keelvol vir trek was toe hy hom op Elandsfontein kom vestig het en verklaar het: As daar weer ‘n prospekteerder naby my plaas kom, skiet ek vir hom “wragtag”. Thomas Major Cullinan het egter slinkse planne beraam om onder Willem se niksvermoedende neus vir diamante te prospekteer.

Willem Wragtag Prinsloo

Liefdeskind lê hier

Generasies skoolkinders het Henry Rider Haggard as avontuurskrywer van boeke soos ‘King Solomon’s mines’ en ‘She’ leer ken. Ander ken hom uit die geskiedenisboeke as Britse koloniale amptenaar en landbouhervormer. ‘n Minder bekende feit is dat Henry, toe hy in die 1870’s Pretoria toe gekom het, ‘n buite-egtelike baba-dogtertjie in Kerkstraat se begraafplaas agtergelaat het. In April 2009 het ons die tragiese verloop van dié skrywer se liefdeslewe vertel.

Henry Rider Haggard

Bobaas-spioen

Niemand het vermoed dat Johanna Brandt en haar ma die Anglo-Boereoorlog se suksesvolste spioenasiering vlak onder die Britte se neuse in Pretoria bedryf het nie. In November 2011 vertel ons dat Johanna een van die min oorlogstydse geheime diens-werkers was wat nooit uitgevang is nie. Sy en haar ma, die weduwee Maria van Warmelo, het op die plot, Harmonie, gewoon waar die Normaal-kollege se koshuise later gebou is.

Johanna Brandt

Lang Piet se foto

‘n Foto wat in die 1860’s van die langste en kortste man in Pretoria geneem is, was toentertyd oral te koop, skryf ons in Januarie 2008. Petrus Johannes (Lang Piet) Marais was ‘n oom van digter Eugene Marais. Generaal Koffie, alias Baby Brown, was ‘n sirkusdwerg. Toe Lang Piet later direkteur van die Lydenburg Gold Prospecting Co en aandeelhouer in Transvaal Mining word, het hy probeer om al die foto’s te vernietig, maar die Pretoriase stadsraad het ‘n eeu later weer ‘n groot plakkaat daarvan gemaak.

Lang Piet Marais en generaal Koffie

‘Albertus Broodryk’

In die mid-1880’s was daar ‘n kroeg genaamd Gaiety Bar op Kerkplein, berig ons in Mei 2009. Dit was deel van Albert Broderick se winkelkompleks, Hole in the Wall. Albert kon goed met woorde speel en het gesê sy produkte kom uit die “Kaap van Goedkoop”. Albertus Broodryk, soos die Boere hom herdoop het, was ook by in- en uitvoere betrokke, het aandele in die mynbedryf en verskeie plase gehad. Sy bundel humoristiese verse was die eerste boek wat in die ZAR gedruk en uitgegee is.

Albert Broderick

Ouma Isie

Die staaltjies wat oor Ouma Isie Smuts vertel word is legio, skryf ons in Junie 2013. As vrou van staatsman Jan Smuts het sy nie altyd opgetree soos mense verwag het nie en Jan is gereeld aangemoedig om haar te oorreed om ‘n bietjie deftiger, meer formeel en konvensioneel te wees. Hy het egter maklik ingeval het met Isie se idees, soos om die Britse koningsgesin in die Smutse se hout-en-sinkhuis op Doornkloof te onthaal, in plaas van die deftige ampswoning in Pretoria.

Ouma Isie Smuts

Van Gogh-broer

Dat Vincent van Gogh se jongste broer, Cornelis, in die Anglo-Boereoorlog aan die Boere se kant geveg het, is iets wat min mense weet. Dat hy in dié oorlog gesterf het, is iets wat jy op ‘n gedenkbord in Pretoria, waar hy gewoon het, kan raaklees. Maar dat hy, nes sy beroemde broer, selfmoord gepleeg het, is iets wat die amptelike verslae van daardie tyd eers nie bekend wou maak nie. In Junie 2009 verklap ons die geheime agter Cor se selfmoord.

Cor van Gogh

Leeutemmer Rudolph

Selfs Eugène Marais het oor Rudolph Gustavus Coetsee en sy leeu, Oubaas, geskryf, vertel ons in Desember 2012. Rudolph, ‘n prokureur van Cullinan, moes op ‘n jagtog ‘n leeuwyfie, wat iemand aangeval het, doodskiet. Sy het welpies gehad en Rudolph het die mannetjie gevat, hom Oubaas gedoop, mak grootgemaak en ‘n film, ‘Logogotu’, oor sy lewe gemaak.

Rudolph Coetsee

Heldhaftige Henrietta

Die Irene Konsentrasiekamp het ook ‘n strafkamp vir oproerige vroue gehad, skryf ons in Maart 2016. Hulle was soms vir ‘n dag lank sonder kos en water opgesluit. Om hulp aan dié konsentrasiekamp se noodlydendes te verleen, is die ‘Irene Vrijwilliger Verpleegsterskorps’ op 6 April 1901 onder aanvoering van Henrietta Ester Carolina Armstrong gestig. Sy het later ook groot betogings gereël, medestigterslid van die Moedersbond geword, vroue-organisasies help stig en tot die politiek toegetree.

Henrietta Armstrong

Na bladsy 18

Terugblik op 24 jaar . . .

Vanaf bladsy 17

'Swart luiperd'

In Januarie 2013 deel ons die verhaal van Frederick (Fritz) Joubert Duquesne, 'n Boeresoldaat, krygsgevangene, grootwildjagter, joernalis, oorlogskorrespondent, makelaar, saboteur en avonturier. 'Swart Luiperd' was die kodenaam van dié sjarmante spioen wat Lord Kitchener, die argitek van konsentrasiekampe en die verskroeide aarde-beleid, se dood veroorsaak het.

Fritz Duquesne

Mexiko-kolonie

Een van die Boere-generaals wat aan die veldslae van Donkerhoek en Witpoort deelgeneem het, het ná die Anglo-Boere-oorlog 'n Boere-kolonie in die noorde van Mexiko by Hacienda Humboldt in die munisipaliteit van Julimes in Chihuahua begin, skryf ons in Julie 2013. Ben Viljoen se lewensverhaal lees soos 'n avontuur – van veldslae en krygsgevangenskap tot 'n oorlog-sirkus; van vriendskap met die Amerikaanse president tot vertroueling van Mexiko se revolusie-leier.

Generaal Ben Viljoen

Weeskind Anna

Anna Vermaak was maar ses jaar oud toe haar ma dood is, vertel ons in Julie 2018. Twee jaar later is haar pa dood en haar stiefma het die wesie na die Gereformeerde Kerk Pretoria geneem. Anna is sonder haar boeties en sussies na 'n verre dorp weggestuur. Sy is in 'n kort tydjie drie keer aangeneem tot sy op 16-jarige ouderdom met 'n man 32 jaar ouer as sy, getroud is. Anna het drie eggenote oorleef, 33 kinders versorg en 96 jaar oud geword.

Anna Vermaak

Kranige grootprater

In Maart 2014 word Bronnie-lesers voorgestel aan 'n eksentrieke man wat waarskynlik een van die kranigste grootpraters was wat die wêreld nog gesien het. Koos Jooste het vir dekades ná die Anglo-Boereoorlog nog as sogenaamde Boere-kommandant in Europa 'n bestaan gemaak uit praatjies, self-gepubliseerde blaadjies en poskaarte met foto's van homself in heldhaftige posisies.

Koos Jooste

Argentynse kolonie

Myra Güttmann en haar Italianer, Camillo Ricchiardi, bevelvoerder van die verenigde Uitlanderkorps, het Boere-vlugtelinge na Argentinië help repatrieer, skryf ons in Julie 2014. In die Anglo-Boereoorlog was die 16-jarige Myra 'n Rooikruis-verpleegster en sy het Camillo ontmoet toe sy hom in die Pretoriase hospitaal verpleeg het. Hulle is in 1901 in Frankryk getroud en het na Suid-Amerika verhuis, waar Camillo in 1902 as administrateur van Boere-vlugtelinge in Patagonië aangestel is.

Camillo Ricchiardi

Vurige kampvegter

Mabel Jansen het in 1917 die eerste Afrikaanse grammatika-boekie opgestel om skoolkinders te help met taalek-samens, skryf ons in Januarie 2017. Sy was 'n kampvegter vir Afrikaans en die Afrikaner-kultuur, aktief op politieke, maatskaplike en kulturele gebied én 'n skrywer. As weduwee van die goewerneur-generaal van die Unie van Suid-Afrika, dr Ernest George Jansen, het sy vir jare alleen in Irene gewoon saam met haar hond, Referendum, wat deur 'n joernalis as 'n "afskuwelike, lelike en mankolieke ou brak" beskryf is.

Mabel Jansen

Property Sales & Rentals

FOLLOW THE MOUSE TO YOUR NEW HOUSE

Anet 082 780 9545 — Cullinan, Rayton — anet@hmprops.co.za

Jessica 076 731 0186 — Refilwe, Mamelodi, KwaMhlanga — jessica@hmprops.co.za

Daniel 082 853 4418 — Sinoville, Magalieskruin, Wonderboom — daniel@hmprops.co.za

Anke 071 226 3387 — Kleinfontein, Delmas, Bronkhorstspruit — anke@hmprops.co.za

Mariekie 082 921 4096 — Bronkhorstspruit Farms & Smallholdings — mariekie@hmprops.co.za

Fikile 081 895 6554 — The Hills, Mooikloof, Moreleta Park — fikile@hmprops.co.za

Bridgette 082 653 9647 — Far East, Equestria, Silver Lakes — bridgette@hmprops.co.za

Noellie 079 877 2799 — Queenswood, Moregloed, East Lynne — noellie@hmprops.co.za

Gratitude 069 526 1715 — Bronkhorstspruit, Rayton — gratitude@hmprops.co.za

Butch 082 869 6969
Principal Practitioner
Shop 5, Roelf Kruger Single
1026 Treurnicht Street
Rayton
Office: 012 736 9031
admin@hmprops.co.za
www.hmprops.co.za

BLYFONTEIN KWEKERY

Alles wat jy nodig het vir 'n pragtige Lente tuin!

Spesiale aanbod!
Rock Roses - R15
Spekboom - R25
10L Verburnum - R50

Die enigste inry-kwekery in die Ooste

Anna 083 600 1909 • Pine 082 600 7776 • Henderson 078 416 5300

Maandae – Vrydae: 8vm - 4:30nm • Saterdae: 8vm - 3nm • Sondae gesluit

Lynnwoodweg-verlenging 8km verby Hans Strijdomrylaan oorkant Swaeltjie-afdraai

Baie geluk aan die Bronnie met jul 24ste Gedenkuitgawe.

Ons sal 'n plan maak

ELDER MEDIATION SOUTH AFRICA

Monica Hartman

Wat 'n bekende slotsom vir familiebesprekings oor alles en nog wat.
Die plaas se toekoms. Die motor bestuur kwessie. Die skuif uit 'n familiewoning na 'n aftreeoord of sorgsentrum. Die frustrasie oor wie verantwoordelik is vir wat.
Ons sal 'n plan maak.
Soms meen ons 'ons sal later hieroor praat'. En soms is dit 'kom tyd, kom raad'. En soms 'ek wil nie hieraan dink nie'.
Die ding is, mettertyd voel daai plan soos 'n afgehandelde saak – wat dit natuurlik glad nie is nie.
Ons aanvaar as vanselfsprekend dat ons meer tyd sal hê, meer insig sal kry, weer kans vir gesels gaan kry, en nog 'n voltallige viering sal geniet.
Maar dringendheid sluimer soms lank onsigbaar.
In die alledaagse loop dit dalk reeds saam: 'n ouer wat wel steeds kar bestuur. Die lente take op die plaas. 'n Seun verdiep in sy werk ver weg in Londen. Almal gaan hul gang en als is onder beheer.
Tot dit nie is nie. In 'n oogwink verander wat 'n stoep geselsie kon wees in 'n kritieke besluit wat onder geweldige druk geneem moet word.

Ons verfyn met verloop van tyd die kuns om moeilike gesprekke uit te stel sonder om dit heeltemal af te stel. Om nie oor die testament te praat nie is nie 'n spesifieke keuse nie. Dit duik net nooit op die regte oomblik op nie. En die oomblik voel nooit reg nie. Niemand kies dat die rondkyk by die aftree oord in felle tweespalt einding nie. Dit gebeur vanself want daar's nooit vooraf saam besin oor enigiets nie. Die uitkoms is dieselfde: daar moet besluit word, en al gee die betrokkenes almal hoeveel om, hulle oorweeg die opsies verskillend. En juis daarom voel die gesprek moeilik.
Liefde en omgee veronderstel nie noodwendig 'n aangebore vermoë om goed onderling te onderhandel nie.
Sulke situasies maak soms dat ons vergeet ouer persone is nie bloot die onderwerp onder bespreking nie. Dat besluite nie net oor en vir hulle gemaak word nie. Dat hulle steeds self besin oor eie kwellinge, wense en moelike besluite. En selfs kan hunker na juis daardie moeilike gesprek oor die plan wat gemaak gaan word. Met 'n kind, 'n eggenoot, 'n vennoot of ander familielid.
Wanneer "ons sal 'n plan maak" in 'n doodloopstraat land bied mediasie 'n sinvolle uitweg: 'n gestruktureerde en onpartydige proses vir betrokkenes om wat saak maak met mekaar te deel, mekaar werklik te hoor, begrip te kry vir die ander se standpunt, en 'n weg vorentoe te vind.
Dit kan om 'n erflating of gedeelde eiendom handel. 'n Vraag oor onafhanklikheid en ondersteuning.
Die einde van 'n verhouding of die samekoms van nuwe families.
Veranderende rolle in die familie of 'n dispuut met 'n diensverskaffer.
Of ses mense in drie lande wat praktiese reëlings of familie besluite saam probeer uitwerk.
Nie alle situasies vereis mediasie nie. Maar soms benodig 'n familie bystand om die gesprek aan te pak terwyl daar nog tyd en kans is om dit deeglik en deurdenk te doen.
Tyd is nie altyd so vrygewig as waarvoor ons hoop nie. En "ons sal 'n plan maak" werk die beste as daai plan gemaak en uitgevoer word.

Elder Mediation South Africa
Ons bied die ruimte waar 'n familie saam die beste plan kan maak.
Kontak ons gerus vir 'n vertroulike, verpligtingvrye gesprek: eldermediation.co.za

Groot groepe teister reservaat

Moreletakloof-natuurreservaat gaan gebuk onder groot groepe besoekers wat die reservaat se reëls oortree en die diere se lewens in gevaar stel.
Volgens 'n woordvoerder van die Vriende van Moreletakloof mag groot groepe nie die reservaat besoek en in die bosse byeenkom vir partytjies en godsdienstige samekomste waar brandende kerse en sigaretstompies agtergelaat word nie.
Baie mense het hulle voorletters op die gekoesterde inheemse bome uitgekerf en van die groot groepe wat die reservaat die Vrouedaglangnaweek besoek het, het twee ure ná die toegangshekke reeds gesluit was, eers die reservaat verlaat deur bo-oor die hekke te klim.
'n Brand het op 4 September uitgebreek en die brandweer kon die brand blus voor reuseskade aangebring is. Die diere is ingekamp en het nêrens om heen te vlug nie. Die stappers en vrywilligers wat in die reservaat was kon betyds uitkom.
Daar word gevra dat besoekers hulle oë en ore oophou en oortredings rapporteer om natuurbewaring, die Vriende en vrywilligers te help om die 93 hektaar reservaat te bewaar.

'n Brand het op 4 September uitgebreek

Een van vele bome waarop voorletters uitgekerf is
Foto's: Moreletakloof-natuurreservaat

Storie van oorlewing

Rida Viljoen, links, en Carlene du Toit
Foto: Verskaf

Lewensafrigter Rida Viljoen was die spreker by 'n oggend vir vroue op 29 Augustus by Ons Plek Kleinfontein-kleuterskool.
Rida het vir jare met sistiese fibrose gelewe en sy het haar storie van oorlewing, roeping en moed met die 50 vroue, wat die geleentheid bygewoon het, gedeel.
Die oggend se vermaak het verskeie kompetisies ingesluit, van die swaarste en ligste handsak asook 'n kykie na wat die vreemdste item is jou handsak is. Daar was pryse te wen en 'n ligte ete het gevolg.

Alien invasive plants: White mulberry

***Morus alba* (white mulberry / gewone moerbei)** is a listed Category 3 alien invasive plant species in South Africa, in terms of the 2014 Alien and Invasive Species Regulations of The National Environmental Management Biodiversity Act (NEMBA) (Act No. 10 of 2004). Landowners are prohibited from further planting, propagation or trade. Although mature specimens may remain, their seed must be prevented from spreading, and saplings must be controlled in gardens. It is prohibited in riparian areas (within 32 m of the edge of a watercourse or wetland or the 1:100 year flood line, whichever is greatest), where it becomes a Category 1b invader. Sterile cultivars or hybrids are not listed, and the fruit itself is not listed when harvested for human consumption.

Leaves

Fruit

Origin: White mulberry is native to northern China. It was introduced worldwide for its fruit and as fodder for silk-industry caterpillars, (silkworms). It is particularly problematic along watercourses, such as the Moreletaspruit in the Bronberg region. It has become naturalised in other parts of tropical and southern Africa, eastern Australia, South America, Hawaii, the United States of America and Canada.
Description: A member of the fig family (*Moraceae*), it is a thornless, deciduous tree with a short trunk and dense, rounded crown that can grow up to 15 m high. The bark is light orange-brown to grey and fairly smooth. Leaves are bright green (glossy above), large, simple to variably lobed, with toothed margins, leaf tips sharply tapering and alternately arranged on branches. Leaves turn yellow during autumn. Flowers are inconspicuous and borne in small, cylindrical spikes (catkins) with female and male flowers carried on the same or different trees. Fruit, developing only from female flowers, consists of a fleshy, cylindrical cluster which can be white, red or deep purple. Birds favour the fruit and spread the seeds. In terms of human consumption, white mulberry is bland compared to the very tasty black mulberry (*Morus nigra*).
Impact: White mulberry is highly invasive along river banks, savanna, grassland roadsides, and urban open spaces, strongly competing with and out-shading native vegetation. It is frost hardy, can withstand poor soils and has high disease resistance. The male flowers produce allergenic pollen, which is responsible for hay fever outbreaks. Ripe fallen fruits can leave unsightly stains in urban environments, and the roots are aggressive, lifting paving and foundations and damaging water and sewage pipes.
Control methods: No biological control agents have been identified. Small plants can be removed manually, while large specimens should be treated chemically after being cut down or ring-barked with herbicide containing

Tree *Photos: Louise Kritzinger*

amazapyr as a soluble liquid at a rate of 100 g per litre of water. For multi-stemmed trees, treat each individual stem. Use caution when working near aquatic environments, where glyphosate is the safer option. Monitoring for regrowth is essential.
Indigenous alternatives: *Trimeria grandifolia* (wild-mulberry / grootblaarwildemoerbei), *Searsia pyroides* (firethorn crowberry / taaibos), *Euclea natalensis* subsp.*angustifolia* (bushveld hairy guarri / bosveldharige ghwarrie), *Antidesma venosum* (tasselberry / voëlsitboom), *Croton sylvaticus* (forest feverberry / boskoorsbessie), *Psychotria capensis* (birdberry / voëlbessie) and *Cephalanthus natalensis (strawberrybush / witaarbeibos)*.

Visit www.invasives.org.za for more information on alien and invasive plant and animal species.

This article was sponsored by Toorbosch.

Italiaanse meesters

Italië was Augustus se toerbestemming met die Tierpoort Seniors se denkbeeldige reis om die wêreld. Hanelie Jaume het die toer gelei met die byeenkoms by Rolling Waters te Nkweweg.
Hulde is met die geleentheid aan Rina Snyman gebring wat vir soveel jare haar mooie lewenssprankel met die groep gedeel het.
Die 'toer' is met interessante geskiedenis, argitektuur, kunste en kos-feite van die land ingekleur:

Glasskilder soos die Romeine dit gedoen het

Vanaf die Colosseum in die ou stad Rome tot in die St. Peter Basiliek in die Vatikaanstad waar die dagtoer afgesluit is.

Kreatiewe Doreen Fourie

Die seniors kon kreatief aan eg Italiaanse Pizza-bou, groepskilder, glasverfkuns en mode ontwerp, gefasiliteer deur Natasha Jaume van ERRE Fashion, deelneem.

Lynne Stevens, Gila Decuypere en Edwin Whittle

Na die Limoncello verwelkomingsdrankie het die ideale spyskaart gevolg: Geurige Lasagne bedien met groenslaai en eg Italiaanse Tiramisu-nagereg.

Pret op 'n drafstap

Inwoners van Kungwini Welsynsorganisasie het rooi balletrompies vir die pret aangetrek met hulle parkrun by Hazeldean Farm op 22 Augustus
Foto: Verskaf

Ons mymer oor Vreethans-kuiers in die Bronnie se kinderskoenjare

Terugblikke in 'n kosrubriek in die Bronnie kan mos nou nie anders as om mymerkos se voorganger, die immer-gewilde Vreethans te onthou nie. Die rubriek se aanloop het altyd as volg gelees: Vreethans van Heerden en Metgesel besoek kuierplekke in die Bronberg-gebied ongenooid en betaal self vir dit wat hulle geniet, of dalk nie geniet nie.
Vreethans is op 14 April 2023 oorlede en in hierdie gedenk-uitgawe kyk ons met heimwee terug na 'n paar van Vreethans en Metgesel se kuierbesoeke uit die Bronnie se kinderskoenjare.

Nikos: Zwavelpoort

In September 2002 het Vreethans vertel dat 'n kuier by Nikos voel soos om 'n naweek plaas toe te gaan. Die gemoedelike egpaar Nico en Lynette Breytenbach het eerlike boerekos en egte boeregasvryheid voorgesit.
Vreethans het 'n kerrie-afval teen 'n hele R37 verorber en Metgesel 'n hoender-schnitzel teen R28. Dié volbloed plattelandse afsaalplek by die ou Zwavelpoort-sentrum was waar die mense van die omgewing mekaar leer ken het en vriende geword het.
Nico is op 3 Augustus 2020 oorlede.

Nico en Lynette Breytenbach

Rafters: Mooikloof

Joan en Joe Duarte het die eerste weergawe van Rafters op die boonste vlak by die B-House-sentrum oorkant Mooikloof op die been gebring en Vreethans en Metgesel het in Mei 2003 gaan kuier. Metgesel se hoendervlerkies en skyfies het R20 gekos en Vreethans se beeskerrie met rys en 'n mengelslaai was R22.95.
Joan en Joe het hulle gaste met natuurlike gemoedelikheid dadelik laat tuis voel en 'n kuier is deur gemaklike geselskap en baie lag gekenmerk. Ná hulle PE toe getrek het, het Joan se broer, Eddie Williamson, en sy vrou, Arline, Rafters oorgeneem en uitgebou.

Joan en Joe Duarte

Formosa: Bashewa

In 2006 het 'n bord boerekos by Formosa R35 gekos en jy het presies dieselfde ete geniet as dit waarby die gesin die betrokke Sondagaand by hulle hoewehuis om die hoek sou aansit.

Jurita en Ella Lösch

Een van die jammerste verliese vir die Bronberg-gebied was die dag toe die susters, Ella en Jurita Lösch, besluit het om Formosa se deure weens veiligheidsoorwegings finaal te sluit. Hulle het vir jare nog 'n gastehuis op die mooi hoewe op Bashewa bedryf voor hulle Mosselbaai toe getrek het.

Bronberg Lodge: Zwavelpoort

In Oktober 2004 berig Vreethans dat Faan en Issie Smuts 'n kuierplek op Zwavelpoort gevestig het. Bronberg Lodge sou inderdaad in die opvolgende jare dié plattelandse kuiertuiste vir die omgewing se mense word en sy eienaars sou diep spore in hulle harte trap.
Hier kon jy tradisionele kos uit die boonste rakke kry wat met Faan se spesiale stempel telkens vir 'n onvergeetlike eetervaring gesorg het. Faan was 'n Weskuster van oorsprong, 'n innemende storieverteller en humoris met 'n wye vriendekring en 'n ruim hart. Hy is op 26 Augustus 2011 oorlede.

Faan Smuts

Bull 'n Bush: Tierpoort

In 1994 het wyle Eddie Saffy en sy vrou Karin 'n kuierplek, Pheasants Nest, op Tierpoort bedryf tot weerlig dit in 1999 laat afbrand het. 'n Kleiner weergawe is neffens opgerig en The Zonked Guinea Fowl gedoop.



John Knox

Oor die jare het die plek veelvuldige eienaars en name gehad: Bull 'n Bush, Road Runners Pub, Cool Cats, The Playground, Ed's Place en LJ's.
In Oktober 2002 het Vreethans en Metgesel 'n draai daar gemaak toe John Knox, Blou Bul-rugbyspeler in die laat 1970's, dit bedryf het. John is op 6 November 2009 oorlede.

Die Werf: Olympus

Chris Thirion het 'n geskiedkundige opstal in Olympus in 'n legendariese kuierplek, wat hy Die Werf genoem het, omskep. Vreethans noem Die Werf in April 2003 se

Kuiers by Die Werf

Bronnie 'n rustige oase wat midde in die koorsagtige ontwikkeling van dié eertydse plotgebied bly staan het.
Die ou opstal was 'n kuierplek wat met dekor en geregte op die tradisionele gefokus het. Chris self was met Vreethans en Metgesel se besoek die 'pratende spyskaart'. Die oud-generaal het die restaurant later verkoop en dit word vandag as Blos Café bedryf.

Die Hoek: Kaalfontein

Die Hoek staan al dekades lank daar op sy Kaalfonteinse hoekhoewe langs die ou Bronkiepad: Theunetta se Hoek, Pop se Hoek, of tannie Pop-op-die hoek – sou jy jonger wees.
In die jare her al kon jy gereeld 'n aantal wit bakkies buite onder die bome sien staan en nou nog kan jy. Dit het in die (verre) verlede gebeur dat Vreethans en Metgesel op 'n dag Die Hoek as deel van 'n kuipe-stop op 'n kroegkruip-tog saam met vriende by 'n Vreethans-rubriek ingesluit het.
Vreethans se laaste kuier-besoeke aan Die Hoek was in 2021.

Theunetta Schubert

Riverside Mixer se kuierstoep

Riverside Mixer: Zwartkoppies

In Januarie 2005 berig Vreethans oor Riverside Mixer op die Ou Bronkhorstspruitpad. Die eienaars het 'n ou opstal op 'n beesplaas langs die Pienaarsrivier gevat en dit in 'n Vreethans-vriendelike kuierplek omgetoor.
Benewens 'n lekker kroeg, het dié plek ook gespog met 'n eetkamer, 'n kuierkamer aan die rivierkant van die huis, 'n leeskamer kompleet met boekrakke en gemakstoele, en groot tuine.
Metgesel se gebakte aartappel met feta en roomspinasie het R22 gekos en Vreethans se rump en goed R50.

Deur die lens van ons lesers

In 'Leserslens' plaas ons foto's wat die aard en gevoel van die Bronnie se verspreidingsgebied uitbeeld, soos gesien deur die lens van ons lesers. Jy is welkom om jou foto's te stuur aan info@bronberger.co.za of om dit op ons Facebook-blad te plaas. Beskikbare ruimte bepaal hoeveel foto's ons in 'n uitgawe kan gebruik. Ons bêre alle foto's en poog om soveel moontlik in opvolgende Bronnies te publiseer.

"Soms raak 'n mens verlore en sien nie meer die mooi raak nie" Foto: Laurika van der Linde

Dylan Henrico het dié bloureier raakgeloop

Bloeisels deur die lens van Eus de Clerk

Die son sak oor Tierpoort op 'n koue Augustus-middag Foto: Retha Sisler

'n Kleurvolle plaastoneel Foto: Emma Koekemoer

Daar was 'n nonnetjiesuil voor my kamervenster, sê Pieter Krige

Deborah van der Poel het lente voor die lens gekry

Die natuur se spieël Foto: Emma Koekemoer

Uitsig met die oggendson van agter Foto: `Alet Erasmus

En dit is hoekom die oumense 'n tiptol 'bottergat' gedoop het Foto: Albert Bester

Eus de Clerk noem hierdie 'n "technicolour hoender"

Die eerste bloeisel aan `Alet Erasmus se geelperskeboom

Dié aronskelk groei in Albert Bester se tuin

Die windpomp hou wag Foto: Emma Koekemoer

Bloeisels . . . en bye Foto: `Alet Erasmus

Rabies is fatal

Every year, 28 September is World Rabies Day. This date also marks the anniversary of Louis Pasteur's death, the person who developed the first ever effective rabies vaccine. World Rabies Day focuses on raising awareness about rabies as a deadly disease still affecting tens of thousands of people and millions of animals worldwide.

What is rabies and how does it spread?

Rabies is a viral disease that can spread from any mammal to humans. It is most often passed on through the bite or scratch of an infected animal, when saliva carrying the virus enters the body. Once inside, the virus travels slowly along the nerves towards the brain, which is why signs and symptoms can take anywhere from a few weeks to several months to appear. This is exactly why acting quickly after any contact with a suspect rabid animal is so important.

Why is rabies so deadly?

While rabies is a 100% preventable disease through vaccination, once it has reached the brain and symptoms appear, the disease is 100% fatal. In animals, these signs often manifest as neurological symptoms, such as the loss of coordination or paralysis, change in behaviour (such as aggression or odd behaviour), and excessive salivation.

If you have been in contact with an animal of unknown origin that scratched or bit you, immediately wash the wound with soap and water for at least 15 minutes to wash out most of the saliva that potentially contains the rabies virus. You then have to go to your nearest clinic or hospital to receive preventative treatment against rabies.

Is rabies really still a problem in South Africa?

In South Africa, rabies remains a public health concern, particularly within rural communities where humans, livestock, wildlife, and dogs coexist in close proximity. Often, people do not believe that rabies is such a big concern in South Africa, but did you know that a rabies outbreak can happen in any province of South Africa? While dogs are most commonly infected, we also see it in cats, livestock, jackals, bat-eared foxes, mongoose species, aardwolf, and more recently, in Cape fur seals.

What can you do this World Rabies Day?

The theme for World Rabies Day this year is 'Stronger Together', highlighting how important it is for individuals, communities, organisations, and governments to work together to eliminate rabies by spreading awareness and vaccinating dogs and cats to keep them and our communities safe. You can make a difference by spreading awareness about rabies and ensuring that your pets receive their rabies vaccinations. For more information on rabies and to view our free online courses, please visit http://rabiesalliance.org. For provincial veterinary services: https://www.nda.gov.za/index.php/component/content/article/451-provincial-veterinary-services-contacts.



Reported Rabies outbreaks in South Africa: January 2014 to December 2025

Authors:
Dr Alicia Cloete, State Veterinarian in the Directorate of Animal Health at the National Department of Agriculture.
Dr Ayla Malan, Program Manager, GARC, Rabies Alliance.
Dr Antoinique van Staden, Communications Manager, GARC, Rabies Alliance.

Bronnie van den Berg

'n Buitengewone van

Albert Buitenhuis vertel hoe sy van, van Nederlandse afkoms, onlangs 'n redelike ongemaklikheid veroorsaak het. In Albert se eie woorde:
"Behalwe dat ek 'n nuwe baas gekry het, het ons ook na 'n nuwe gebou geskuif. Die taak om ekstra 'longdrops' vir die werkers buite te huur, val toe op my skouers.
"Ek kry die nommers van so 'n paar plekke en begin bel. En dis toe hier waar die pôpô die fên tref. Alles gaan goed en die mense verduidelik tog te mooi hoe hulle stelsels werk en dan vra hulle of hulle vir my 'n kwotasie kan stuur. Ja, sê ek, dit sal baie help. "Wat is jou van," vra hulle – en ek sê Buitenhuis.
Die eerste jong man het as volg hierop gereageer:
"Dis reg ja. Van die verskuifbare soort. Vir wie moet ek die kwotasie uitskryf?"
En 'n vriendelike jong dame: "Giegie-gie. Nee, ernstig nou, wat is jou van?"
"Een vrou het darem gewag tot ek koebaai gesê het voor sy in 'n oorverdowende lagbui uitgebars het."

Opskrifte

En so van 'longdrops' gepraat. Koerantopskrifte (koppe) kan soms, willens of onbedoeld, nogal prettig wees. Jare gelede was daar 'n storie van 'n man, ook 'n ouderling in sy kerk, wat langs sy bestaande longdrop 'n nuwe gat gegrawe het met die doel om later sy buite(n)huisie daarheen te verskuif.
Terwyl hy nog so in die nuwe gat aan't grawe is, voeter die sinkgeboutjie hier langs hom om en val bo-op hom. Hy het nogal kwaai seergekry. Oorlede Ronnie King skryf toe die volgende opskrif vir die storie: Toilet beseer ouderling in gat.
Seker een van die mees klassieke koerantkoppe in Suid-Afrika is geskryf in die jare toe daar nog net een Sap in die Vrystaat oor was. Gladys Steyn, die dogter van die ou president, was die verteenwoordiger van Bloemfontein Sentraal – vrou alleen tussen al die Nattes.
Maar met die volgende verkiesing val sy toe ook uit en die opskrif in 'Die Volksblad' van die volgende dag lees: Gladys sit die pot mis – hele Vrystaat Nat.

Deur die jare was daar natuurlik wêreldwyd tallose voorbeelde van Engelse koerantopskrifte wat die aandag gegryp het. Maar een wat sy oorsprong hier by ons dorp se eie Engelse dagblad het, verdien vermelding.
Die Britse politikus en aktivis, Michael Foot, het toe die hoof geword van 'n protesbeweging teen vuurwapens. En in die koerant was die opskrif by dié storie: 'Foot heads arms body.'
Gerhard Kleijn – September 2007.

Proving our worth

The Bronnie is 24 years old! Twenty-four. Years. Old! Wild for an independent community publication, isn't it? I'd say that the most important thing a publication can do is exactly the same as what a human can strive for: to be that which it truly is and to express that individuality without apology.
I get it that a publication has to keep proving its own worth, but I only recently realised that something is a bit off if you, as a human, feel that you have to keep making sure other people know your value.
Carrie Genzel says that the right people, the right environments and the right opportunities will not require you to perform for belonging. They will recognize your value as it is and until you believe that, you may continue seeking validation in places that cannot give it to you.
External validation is unpredictable, Carrie says. It changes based on opinions, circumstances and perspectives that are outside of your control and if your sense of value depends on something unstable, you will always feel unstable too.
She says that your worth doesn't increase because someone recognizes it and it doesn't decrease because someone overlooks it. Value is inherent and when you begin to reconnect with your value, your behaviour shifts. You stop shrinking and start standing in your truth. You stop chasing approval and start choosing alignment.
This could be quite a challenge if you're constantly criticizing your own behaviour. So, start by paying attention to the way you speak to yourself. You might be surprised how often you should-on-yourself.
"I should be further along by now."
"I should have handled that better."
"I should have figured this out already."
CEO of Hay House, Reid Tracy, says that the late Hay House founder, Louise Hay, believed that 'should' almost always makes someone wrong – usually ourselves. "We may think we're motivating ourselves when we say these things, but most of the time, we're really just reminding ourselves of all the ways we think we haven't measured up."
Louise suggested a small tweak that will totally change the way a thought feels. Why don't you simply replace 'should' with 'could'? Reid says that "I should exercise more" becomes "I could take a walk today." Instead of condemning yourself for what you haven't done, you're giving yourself a choice about what you can do next.
"Louise also encouraged people to use phrases such as "I choose to" and "I am willing to." Again, the idea was to move away from judging ourselves and toward recognizing that we have choices."
Her advice was always to ask yourself a slightly different question: "What could I do from here?"
"Sometimes one small change in the way we talk to ourselves can change the way we look at the whole situation."
Or how about changing the way you listen to yourself – not just to your thoughts, but to your body as well. Dr Shamini Jain, founder and director of the Consciousness and Healing Initiative, recommends pausing once a day to ask: What is my body communicating before I interpret or judge it? Notice breath, temperature, emotion, tension, energy and impulse. You do not need to fix anything. Let the first step be accurate observation.
She says you could then ask a second question: What small response would communicate safety or care? The answer may be a few slower breaths, a glass of water, placing your hand over your heart, stepping outside, postponing a decision, speaking a needed truth, asking for help or allowing yourself to finally feel something that has been waiting for attention.
Dr Shamini says that many of us have learned to ask, "How do I get rid of this feeling?" before asking, "What might this feeling be trying to tell me?" "The first question assumes that discomfort is the enemy. The second begins a relationship. That relationship may not give us an immediate answer, but it can help us respond with more intelligence and less force."
Relentlessly forcing outcomes can be exhausting. So, no more hustling, girlfriend. Be that which you truly are and trust that what aligns with your energy will find its way to you. That which genuinely belongs in your life doesn't require you to perpetually keep proving yourself. As Carrie Genzel says, if you're constantly trying to prove your worth, you've already forgotten your value.
– Angie Kleijn

STEELMATE

SERVING THE EASTRAND SINCE 1975

FAIRLEADS BENONI

We stock a large variety of steel products, square tubing, round tubing, rectangular tubing, flat bar, angle iron, beams, channels, sheets, plates, fencing and a selection of stainless steel & aluminium.

Suppliers of industrial hardware, welding equipment, safety gear, fasteners, bolts & nuts, cutting, paint, water tanks, pumps, water purifiers and electrical & plumbing supplies.

www.steelmate.co.za

BOKSBURG
HEAD OFFICE
011 897 9860
0861 0861 23
sales@steelmate.co.za
16 Top Road
ANDERBOLT

APEX
BRAKPAN
011 421 9640
011 421 4037
apex@steelmate.co.za
4A Main Reef Road
ANZAC

SPARTAN
KEMPTON PARK
011 974 0982
011 974 3444
spartan@steelmate.co.za
26 Plane Road
SPARTAN

WADEVILLE
GERMISTON
011 902 1970
011 902 1657
wadeville@steelmate.co.za
454 Davidson Road
WADEVILLE

FAIRLEADS
BENONI
010 235 0033
010 235 0182
fairleads@steelmate.co.za
513 Pretoria Road
FAIRLEADS

Rewards that keep getting Better

Build it Rewards

Shop, collect & enjoy perks that grow with you!

Sign Up & Start Earning

Scan the QR code or dial USSD *120*1001# and complete your registration online.

Promotion valid from **19 - 30 September 2026**, while stocks last. Ts and Cs apply. *While Stock Lasts*

HTH Mini Reservoir Floater
R99.90 each

HTH Mini Green to Blue
R262.90 each

HTH 4 in 1 Floater 1.6kg
R197.90 each

Ingco 20V Ps + C/L Grinder 115mm B/L Kit
R887.90 each

Ingco Multimeter digital ac/dc 2000 counts
R158.90 each

Montego Monty & Me Essential 2kg
R49.90 each

Tuscan Flag Stone 500x500x50 Assorted
R99.90 each

Montego Bags 'o Wags assorted
R19.90 each

Wall Hose Hanger
R27.90 each

Roundup Weed Killer
1L R199.99 each
5L R775.00 each

PLANT & TOOL HIRE
Breaker 30kg • Rammer • Breaker 16kg
Plate Compactor • Angle Grinder 230mm • Brush Cutter
Drive Unit & Poker • Submersible Pump • Generator 6KVA
Contact Johan 066 472 4317

RENT PARTNER

WHATSAPP US FOR OUR Specials!
GET IN TOUCH: 066 187 9364
LATEST SPECIALS
QUOTES
STOCK AVAILABILITY
DELIVERY COSTS
SCAN ME ON WHATSAPP!
SAVE OUR NUMBER AND STAY UPDATED!

QUALITY PRODUCTS | GREAT RESULTS | BOSS VALUE
Cnr Lynnwood & Boschkop Roads Tel: 012 809 8923 brenda@lynnwoodbuildit.co.za

Build it Lynnwood

Ease constipation naturally with

PROGAST COLON CLEANSE

NOW IN TWO FORMULATIONS

From the trusted **Capsules** to the innovative **new Effervescent!**

Synergistically balanced with natural ingredients.

This **7-day detox** is gentle, effective, and refreshing. Lightness you can feel.

Indications: Occasional constipation, bloating and digestive discomfort, short-term detoxification.

At night take either: 2 capsules with a large glass of water or 1 effervescent tablet in a glass of water for 7 days.

This unregistered medicine has not been evaluated by the SAHPRA for its quality,safety or intended use.